**Die Nederduitse Gereformeerde Kerk**

***ALGEMENE TAAKSPAN PREDIKANTESAKE (ATP)***
**in oorleg met**
***ALGEMENE TAAKSPAN FONDSE EN BATES (ATFB)***

---

# RIGLYNE VIR DIE VERGOEDINGSPAKKET VIR PREDIKANTE 2026/2027

## 1. TYDPERK

Hierdie riglyne word beskikbaar gestel met die oog op implementering vir die volgende finansiële boekjaar naamlik 1 Maart 2026 tot 28 Februarie 2027.

## 2. SAMESTELLING

2.1 Nadat die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) ‘n meningsopname gemaak het, blyk dit dat die meerderheid gemeentes wel gebruik maak van die vergoedings-riglyne as basis vir die jaarlikse onderhandelinge om vergoedingspakkette te finaliseer. Dus gaan die ATP hierdie jaar steeds voort om aan gemeentes hierdie riglyne beskikbaar te stel.

2.2 Hierdie **riglyne** word saamgestel deur die Algemene Sinode se Taakspan Predikantesake in oorleg met die Taakspan Fondse en Bates en vorm die basis vir die onderhandeling tussen die werkgewer en werknemer. Hierdeur probeer die Kerk om so ver as moontlik pariteit in die vergoeding van sy totale predikantekorps te verseker. **Plaaslike omstandighede en die finansiële vermoë van die gemeente behoort ook in ag geneem te word**. Onderhandelinge geskied in ooreenstemming met die voorskrifte van die Kerkorde.

By die onderhandeling van die jaarlikse vergoedingspakket, moet die volgende in ag geneem word:

2.2.1 Elke predikant se vergoeding word vasgestel en gefinaliseer deur sy/haar eie werkgewer (byvoorbeeld die kerkraad), en nie deur die Algemene Taakspan Predikantesake (ATP) en/of die Algemene Taakspan Fondse en Bates of die sinode nie.

2.2.2 Die finale vergoedingspakket waarop elke kerkraad en die predikant(e) ooreenkom, moet ’n balans probeer vind tussen die finansiële vermoë van die kerkraad, die verwagtinge en behoeftes van die predikant(e) en die diensooreenkoms tussen die predikant(e) en die kerkraad.

2.2.3 In gevalle waar kerkrade finansieel nie in staat is om die aanbevole verhoging te bekostig nie, is die kerwe die basis vir onderhandeling ooreenkomstig Kerkorde Artikel 13. Die veronderstelling is dat ’n **vermindering** in salaris, of geen verhoging vir ’n jaar nie, slegs oorweeg word as tydelike maatreël in krisisgevalle, en met inagneming van dienskontrakte en arbeidswetgewing. In so ’n geval moet die onderhandelinge na oorleg met die plaaslike ring plaasvind. In die meeste gevalle behoort Kerkrade soos in die verlede, die riglyne vir aanpassings as basis te oorweeg.

2.2.4 Aangesien gemeentes se omstandighede verskil in terme van grootte en inkomste potensiaal, kan kerkrade ook oorweging skenk om predikante te vergoed op die beginsel van verminderde diensvoordele met die moontlike gepaardgaande vermindering van diensverpligtings en/of die wysigings van die diensooreenkoms na die van tentmakerbediening. Hierdie wysigings moet ook in oorleg met die ring geskied.

2.2.5 Indien gemeentes se lidmaattal in so mate verklein dat ŉ voltydse predikantspos nie meer bekostig kan word nie, kan die gemeente dit oorweeg om ŉ verkleinde pos te skep en steeds ŉ predikant te beroep in so ŉ verkleinde pos en dan dienooreenkomstig vergoed.

2.2.6 Indien daar ’n onbillike ooreenkoms of uitvoering van ’n ooreenkoms is, behoort die verteenwoordigers van die ring daaroor met die kerkraad in gesprek te tree.

2.3 Hier volg ‘n uiteensetting van die komponente waaruit die totale koste van indiensneming (TKVI) saamgestel word om aan die werkgewer ‘n geheel prentjie te gee van die koste van ‘n predikantspos:

2.3.1 Vaste komponente:

| **Komponent** | **Beskrywing** |
|---|---|
| Traktement | met as *minimum standaard* die riglyn traktementskaal wat in twaalf (12) of dertien (13) paaiemente betaalbaar is. |
| Motor toelae | gebaseer op die riglyn soos bepaal deur SAID en elke jaar net na die begrotingsrede in Februarie beskikbaar is. |
| Behuising | i) Gratis behuising van ‘n pastorie waarop die predikant aan die hand van SAID formule belas word.<br>ii) Behuising subsidie wat onderhandel word. |
| Pensioenfonds bydrae | Onderhandeling met die veronderstelling dat die minimum bereken word (op vlak 2 van die Transvaalse Predikante Pensioenfonds en Vlak 6 (19.2%) – Predikante Pensioenfonds) |
| Risikoversekeringskema bydrae | ’n Bydrae van minstens 50% van die premie. |
| Mediese versekering bydrae | Minstens 50% van die lid se premie vir lid, afhanklike volwasse (eggenoot/eggenote) en maksimum 2 kinderafhanklikes. |
| Werkloosheidsversekering (WVF) | Statutêre bepaling van 1% tot die maksimum deur die staat bepaal. |

Wanneer die werkgewer (bv Kerkraad) hierdie onderskeie komponente se totale randwaarde bereken, verskaf dit die totale bedrag wat ‘n predikantspos ‘n gemeente kos.

2.3.2 Verder moet die volgende ook bygereken word in die totale koste vir ‘n predikantspos:

| **Komponent** | **Beskrywing** |
|---|---|
| Kommunikasie gereedskap | Wat kan insluit internetverbinding, telekommunikasie (selfoon en vastelyn) toelae en rekenaar. |
| Verdere opleiding | VBO kursusse ens. |
| Jaarlikse registrasiefooie | Versoek om minstens 50% van die jaarlikse registrasiefooie vir die Algemene Bevoegdheidsraad te betaal. |

2.3.3 In die lig van bogenoemde word kerkrade aanbeveel om na oorleg met die predikant die vergoedingspakket so te struktureer dat dit die maksimum voordele bied ten opsigte van die **pensioendraende gedeelte van die vergoeding** en dat dit so belasting vriendelik moontlik saamgestel word.

### a. Traktement

Die Algemene Taakspan Predikantesake is opreg bewus van die uitdagende finansiële posisie waarin gemeentes tans verkeer. Met hierdie riglyne het die Algemene Taakspan Predikantesake die volgende gepoog:

- Om dit vir gemeentes moontlik te maak om steeds voltydse predikante te beroep en aan die hand van hierdie minimum riglyne te vergoed
- Sorg te dra dat die predikante nie as gevolg van inflasie swakker daaraan toe is as die vorige jaar nie

Die jaarlikse inflasionêre aanpassing op elke kerf word bereken aan die hand van die amptelike inflasiekoers soos bepaal in September van daardie betrokke jaar waarin die berekening gemaak word. Dit beteken dus dat die kerfverhoging dieselfde is as die inflasiekoers.

Die ATP beveel aan dat, naas die inflasionêre aanpassing soos hierbo uiteengesit, daar ook jaarliks 'n kerf aanpassing gemaak word in die lig van die werknemer se meerdere ervaring, verwerwing van genoegsame VBO krediete en die ontwikkeling van vaardighede. Die kerf-aanpassing het ten doel om die predikant te vergoed vir sy meerdere diens as gevolg van sy meerdere ervaring, VBO krediete en meerdere vaardighede.

**Traktement skale 2026-2027**

Die Algemene Taakspan Predikantesake beveel die volgende aanpassings aan, aan die hand van die gemiddelde inflasiekoers in September 2025 (3.4 %) en dit word aangepas na 3.5% vir die berekeninge.

| Kerf | Traktement per maand 2025-2026 | Traktement per jaar (13 paaiemente) | Kerf | Traktement per maand 2026-2027 | Traktement per jaar (13 paaiemente) 2026-2027 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 18,897 | 245,666 | 1 | 19,559 | 254,264 |
| 2 | 19,842 | 257,950 | 2 | 20,537 | 266,978 |
| 3 | 20,834 | 270,848 | 3 | 21,564 | 280,328 |
| 4 | 21,876 | 284,389 | 4 | 22,642 | 294,343 |
| 5 | 22,970 | 298,609 | 5 | 23,774 | 309,060 |
| 6 | 24,118 | 313,540 | 6 | 24,963 | 324,514 |
| 7 | 25,324 | 329,211 | 7 | 26,210 | 340,733 |
| 8 | 26,591 | 345,677 | 8 | 27,521 | 357,776 |
| 9 | 27,920 | 362,961 | 9 | 28.897 | 375,665 |
| 10 | 29,316 | 381,113 | 10 | 30,342 | 394,452 |
| 11 | 30,782 | 400,164 | 11 | 31,859 | 414,170 |
| 12 | 32,321 | 420,170 | 12 | 33,452 | 434,876 |
| 13 | 33,937 | 441,184 | 13 | 35,125 | 456,625 |
| 14 | 35,633 | 463,235 | 14 | 36,881 | 479,448 |
| 15 | 37,416 | 486,402 | 15 | 38,725 | 503,426 |
| 16 | 39,286 | 510,719 | 16 | 40,661 | 528,594 |
| 17 | 41,251 | 536,261 | 17 | 42,695 | 555,030 |

**AANBEVELING:**

1. ***Gemeentes word aangemoedig om predikante se traktemente soos bovermeld aan te pas vir die boekjaar 2026-2027.***

2. ***Predikante bly minstens op dieselfde kerf met die hoër voorgestelde vergoeding. Kerfverhogings vir meerdere diens gegrond op meerdere ervaring, VBO krediete en meerdere ontwikkeling word aan gemeentes oorgelaat.***

**b. Reistoelae**

Die ATP het aanbeveel dat kerkvergaderings die SAID se tabel vir die betrokke finansiële jaar gebruik.

In die lig van voertuig pryse wat die laaste aantal jare geweldig gestyg het, het die ATP geoordeel dat die waarde van die voertuig in die finansiële jaar 2025-2026 verhoog behoort te word na die kerf van voertuig se randwaarde tussen R300,000 en R400,000.

Vir die jaar 2025-2026 was die tabelle as volg:

| | **2025-2026**<br>1 Maart 2025 tot 28 Februarie 2026 | **2026-2027**<br>1 Maart 2026 tot 28 Februarie 2027 |
|---|---|---|
| **Waarde van die voertuig** | 300 000 en 400 000 | 300 000 en 400 000 |
| **Brandstofkoste (in sent)** | 191.4 | |
| **Onderhoudskoste (in sent)** | 71.4 | |
| **Loopkoste per kilometer (in sent)** | 262.8 | |
| **Loopkoste op 18 000 km (in Rand)** | 47,304 | |
| **Jaarlikse vaste koste betaalbaar (R)** | 111,273 | |
| **Motortoelaag op 18 000 km** | 158,577 | |
| **Motortoelaag per maand** | 13,214.75 | |

Sien SARS se webwerf vir detail: https://www.sars.gov.za Gaan na *Legal Counsel / Secondary Legislation / Income Tax Notices / Fixing of rate per kilometre*.)

Daar word ook aanbeveel dat kerkrade bepaal of 18 000 km per jaar toepaslik is vir die betrokke gemeente. In die lig van omstandighede (grense van gemeente en verwagtinge), kan die kerkraad met die predikant onderhandel om dit te verminder (bv 12 000 km per jaar – R 11 900-75 per maand; of vermeerder na 24 000 km per jaar - R 14 528.75 per maand).

Die bepaling van 'n geskikte voertuig behoort ook deur die kerkrade oorweeg te word.

**AANBEVELING**

1. **Gebruik hierdie tabelle vir begrotingsdoeleindes met 'n maksimum 5% aanpassing**
2. **Hersien begroting sodra die nuwe tabelle in Februarie 2026 beskikbaar is**

**c. Behuising**

Tans word daar op die volgende wyse behuising aan predikante voorsien

**i) Gratis pastorie**

Gemeentes voorsien aan die predikant en sy gesin 'n doelmatig woning wat gebruik word as pastorie. Hierby ingesluit is die munisipale rekening, instandhouding en versekering.

Neem kennis dat hierdie 'n byvoordeel is vir die predikant en moet dienooreenkomstig die SAID se formule belas word vir gratis huisvesting

**ii) Behuisingsubsidie**

Dit is uiteraard moeilik om ŉ algemene riglyn vir die behuisingsvoordeel te voorsien, aangesien daar wesenlike verskille in die geografiese en ander omstandighede van gemeentes en individue voorkom. Die huurkoste vir ŉ doelmatige woning (*bereken op ongeveer 230m$^2$ woning*) in die grense van die gemeente, plus ŉ billike bydrae vir die munisipale rekening vir ŉ gemiddelde huishouding in daardie omgewing, kan hier as norm gebruik word vir die berekening van hierdie toelae. Indien daar probleme ondervind word met hierdie aspek, kan die sinodale kantoor genader word. Die bekostigbaarheid van ŉ toelae vir die werkgewer sal uiteraard ŉ belangrike rol speel.

**d. Pensioenfonds**

Lidmaatskap van die betrokke pensioenfonds waarvan die werkgewer gebruik maak, is verpligtend in terme van die reëls van die Fonds, soos goedgekeur deur die Registrateur van Pensioenfondse en die Ontvanger van Inkomste. Predikante skakel

in op die bydraevlak by die betrokke pensioenfonds na onderhandeling met die veronderstelling dat die minimum bereken sal word op vlak 2 van die onderskeie Pensioenfondse. Die werkgewer en werknemer is onderskeidelik verantwoordelik elkeen vir hul deel van die bydrae soos bepaal deur die betrokke Fonds. Indien die werknemer op ŉ hoër bydraevlak wil inskakel, word die verdeling van die bydrae tussen die partye onderhandel. Die betrokke syfers word voorsien deur die kantoor van die pensioenfonds. Vir vrystelling van bydraes tot die pensioenfonds vergelyk die onderskeie reglemente in die Kerkorde van tentmaker en vaste termynposte.

**e. Risikoversekering**

Lidmaatskap van die betrokke risiko versekeringskema waarvan die werkgewer gebruik maak, is verpligtend in terme van die reëls van die Fonds, soos goedgekeur deur die Registrateur van Pensioenfondse en die Ontvanger van Inkomste. Die werkgewer is verantwoordelik vir sy deel 50% van die bydrae en die predikant vir die ander 50% van die premie.

**f. Mediese voordele**

Die sinode behoort, per ooreenkoms met die betrokke skema, as groep daaraan. Werknemers behoort dus ook lid van die betrokke mediese skema te wees. Vir die berekening van die subsidiëring van bydraes tot die mediese skema word aanbeveel dat die werknemer minstens 50% van die totale premie betaal. Vir die berekening van die subsidie, geld die riglyn van die maksimum van ‘n hooflid en drie afhanklikes (een volwasse lid (eggenote/eggenoot) en twee kinderafhanklikes). Die subsidie is egter onderhandelbaar tussen die partye.

Die ATP gebruik Bestmed Pace 2 as riglyn. Hiermee die lidbydrae vir 2026:

| **Lid** | **Bydrae** |
|---|---|
| Hooflid | R 8 766-00 |
| Volwasse afhanklike | R 8 596-00 |
| Minderjarige afhanklike | R 1 933-00 |

Werknemers kan ook met die werkgewer onderhandel om by ‘n mediese skema van eie keuse lidmaatskap op te neem.

**g. Statutêre betalings**

Statutêre betalings (WVF en Ongevalleversekering) vorm nie deel van die TKVI nie. Die Werkgewer is verantwoordelik om sy aandeel oor te betaal soos jaarliks bepaal deur wetgewing.

(a) **Werkloosheidsversekering** is 1% deur die werkgewer en 1% deur die werknemer van die inkomste met ’n maksimum van R177,12 elk.

(b) **Ongevalleversekering** word deur die werkgewer betaal soos bepaal deur die Ongevallekommissaris.

**h. Jaarlikse registrasiefooie : Bevoegdheid**

Kerkrade word weer herinner aan die Algemene Sinodale se besluit dat Kerkrade versoek word om minstens 50% van die predikant se jaarlikse registrasiefooie ten opsigte van sy/haar registrasie by die Algemene Bevoegdheidsraad te betaal

.

## 3. TOTALE KOSTE VAN INDIENSNEMING (TKVI)

Dit staan kerkrade ook vry om as alternatief tot bovermelde vergoedingspakket, dit ook oorweeg om predikante te vergoed op die basis van totale koste van indiensneming (TKVI).

Hiervolgens word die predikant se vergoeding as ‘n enkelbedrag jaarlikse bepaal in plaas van die afsonderlike komponente van vergoeding soos vermeld hierbo. Indien die kerkraad met die predikant ooreenkom om die jaarlikse vergoeding te bepaal aan die hand van TKVI, moet die volgende verreken word:

3.1 Dit is belangrik dat die predikant ten volle bewus is dat hyself vir die afsonderlike komponente voorsiening moet maak.

3.2 Dit is egter nie nodig dat al die komponente in die ooreengekome TKVI ingesluit moet word nie. Van die komponente kan afsonderlik van die TKVI ooreengekom word. Verskillende kombinasies is dus moontlik.

## 4. BELASTING

### 4.1 Uitgangspunt

**Die uitgangspunt met strukturering van vergoeding is dat voordele wat aangebied word, op die mees doeltreffende manier gestruktureer word vir belastingbesparing.**

Hierdie beginsel staan bekend as *belastingvermyding* en moet onderskei word van belasting*ontduiking*, wat onwettig is.

Die strukturering van die pakket word ooreengekom tussen die werkgewer en werknemer, en moet gedoen word wanneer op die jaarlikse vergoeding ooreengekom word. Tussentydse verandering aan die pakket laat die risiko dat dit deur SAID gesien kan word as ’n skema om belasting te ontduik. SAID laat so min as moontlik geleentheid toe vir ’n salaristrekker om belasting te vermy. Daar is die moontlikheid om wel die vergoedingspakket te struktureer wat toelaatbaar is volgens heersende belastingwetgewing maar dit is baie belangrik om die prosesse korrek te implementeer en te administreer.

### 4.2 Kundigheid

Daar word dus aanbeveel dat die advies van ’n belastingkundige ingewin word wanneer die diensooreenkoms gewysig word, asook wanneer daar oor die strukturering van die pakket onderhandel word. Kerkrade word versoek om die Predikant te adviseer om vergoedingspakket so saam te stel dat dit die maksimum pensioenvoordeel meebring en nie net daarop gemik te wees om vir die Predikant die beste kontantvloei te gee nie.

## SLOT

Ons wil met hierdie skrywe ook baie dankie sê aan alle gemeentes en instansies wat met groot verantwoordelikheid na die finansiële versorging van hulle predikant(e) omsien, dikwels onder baie moeilike finansiële omstandighede. Ons vertrou dat bogenoemde riglyne sal meewerk dat die kerk steeds professioneel en met billikheid en pariteit hul predikante sal versorg.

Hierdie riglyne is tydens die Algemene Taakspan Predikantesake se elektroniese vergadering op 28 Oktober 2025 en in oorleg met die Algemene Taakspan vir Fondse en Bates op 6 November 2025 goedgekeur vir verspreiding na die sinodale kantore

Dewyk Ungerer
Bestuurder Algemene Taakspan Predikantesake (ATP)
Algemene Sinode
PRETORIA
6 November 2025